# DIE SKIETLOOD

198e Uitgawe 21 Januarie 2022
saam met Koersvas 198

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

1. Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid, verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart, sowel as onsuiwerheid van sy hele gesindheid.

*Homo ab initio ad imaginem Dei conditus vera et salutari sui Creatoris et rerum spiritualium notitia in mente, et justitia in voluntate et corde, puritate in omnibus affectibus exornatus, adeoque totus sanctus fuit; sed Diaboli instinctu, et libera sua voluntate a Deo desciscens, eximiis istis donis seipsum orbavit: atque e contrario eorum loco cœcitatem, horribiles tenebras, vanitatem, ac perversitatem judicii in mente, malitiam, rebellionem, ac duritiem in voluntate et corde, impuritatem denique in omnibus affectibus contraxit.*

.

**Verklarende kommentaar**

Die Dordtse leerreëls handel in hoofstuk vier met die verdorwenheid van die mens. Die woord dui op 'n verval of agteruitgaan van 'n goeie toestand na 'n verlore en gebroke toestand. Die woord word deur die WAT se woordkeusegids as volg beskryf: *verdorwenheid s.nw. onsedelikheid, sedeloosheid, sedebederf, dekadensie, vervallenheid, bederf, ondeugdelikheid, slegtheid, boosheid, swakheid, perversiteit, korrupsie, reddeloosheid, ontaarding, verwording, verworpenheid*." Die "-heid" dui daarop dat dit 'n voldonge feit en voltooide situasie is. Om die woord 'verdorwenheid' te kan gebruik, moet die oorspronklike toestand van die mens aangedui word.

Die Dordtse leerreëls gebruik die skepping as begronding vir die gedagte dat die mens 'n ideale toestand gehad het, in besonder die gedagte in Genesis dat die mens 'na die beeld van God' geskep is. Hierdie komplekse term word hier in 'n besondere konteks gebruik om 'n konkrete beginpunt aan te dui. Met ander woorde die *'beeld van God*" word gebruik om 'n duidelike 'voor' aan te dui, sodat die 'na' duidelik kan blyk. Die Latynse woord *initio* dui duidelik op die oorspronklike/aanvanklike situasie, teenoor die latere situasie. In die bespreking wat volg oor **'die beeld van God**', word opmerkings wat in my kommentaar oor die NGB[1] verwerk en aangepas binne die konteks van Dordt; Dordt het immers 'n besondere

[1] Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Teologiese bakermat van die Reformasie: 'n kommentaar - dr Johan Otto

perspektief ten opsigte van hierdie teologiese term..

Die mens is uit die stof van die aarde gemaak. Die woord “Adam” verwys na rooigrond. Die mens is deur God gevorm en net soos die res van die skepping moet ons weet dat God dit as **goed** en **reg** geskep en gesien het (Genesis stel dat die skepping van die mens **baie goed** was). Daar is diegene wat aanvaar dat die beeldskap van God 'n eienskap van of ten minste iets in die mens is. By implikasie beteken dit dat die beeldskap van God 'n goddelike vonk of stukkie materiaal is wat in alle mense te vinde is en wat die mens dus tot 'n semi-goddelike status verhef. Sodanige standpunt wil ook aandui dat die mens basies inherente goedheid het of ten minste neutraal is.

Genesis 1:26-27 sê: *“God het gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers...” en: “God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep...”* Verder het God volgens Genesis 1:28 vir die mens 'n baie spesifieke opdrag gegee: “*Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see...”* Dit gaan hier nie oor die vraag of die mens die beeld van God is nie – dit word algemeen aanvaar. Wat wel aandag verg, is hoe die mens God se beeld is en wat dit beteken.

In die Hebreeuse teks is die woorde “בצלמנו” (“b’tselemnu”: “as ons beeld/skadu”) en “כדמותנו” (“kidmutenu”: “na/volgens ons gestalte”) belangrik, want hulle verduidelik die beeldskap van God. Prof van Selms het in ag geneem dat “tselem” die verdere betekenis van “donkerte” het. Daarom het hy die beeldskap van God so verduidelik: die mens is God se skaduwee op aarde. 'n Skaduwee is egter net skaduwee solank as wat sy skadugewer bestaan, en solank hy aan daardie skadugewer vas is. Dit gaan oor die verhouding waarin God ons geplaas het – teenoor Hom en teenoor die skepping. Daar waar die mens sy verantwoordelikheid teenoor God en die skepping volgens die wil van die Here nakom, daar is hy die beeld van God. **Ons is bedoel om God se ‘voorman’ op aarde te wees** – ons moet God se werk doen soos Hy dit gedoen wil hê.

Die mens doen dit egter nie, want hy is sondaar. Ons dink maklik dat die beeldskap van God ons reg is, met ander woorde, dat ons beeldskap van God 'n menslike eienskap of 'n tipe ingebore kwaliteit is, iets wat ons besit. Dit is egter nie wat die Bybel sê nie. Die korrekte gevolgtrekking is dat God ons na Sy beeld gemaak het om ons met ons skeppingsopdrag te help. **God het ons (Sy skaduwee) volgens Sy beeld gemaak om te heers soos die Here dit wil hê**. Ons is wat ons is as gevolg van God, en ons het 'n opdrag as gevolg van God.

Die Satan het vir die mens gesê hulle “...*sal...soos God wees deurdat julle alles kan ken.”* Die Bybel teken die mens as iemand wat probeer om self God te wees. Die skaduwee probeer homself van sy Skadugewer losmaak. Dit het altyd smartlike gevolge. **Die sonde vervreem die mens van God.** Vervreem van die beeldgewer, kan die afbeeltenis geen outentieke bestaan geniet nie. Die afbeeltenis se outentieke beeldskap is net in verbintenis met die

beeldgewer moontlik. Sonder die punt van verwysing (God) is die verwysing (mens) opsigself betekenisloos. Hy leef nie soos God bedoel het dat hy moet leef nie. In Dordt se terme het die mens homself uit eie keuse en aanhitsing van die duiwel losgeskeur van God.

Hierdie wegskeur was 'n alles-omvattende handeling. Dietrich Bonhoeffer verduidelik in sy boek "*Ethics*" die saak langs die volgende lyne:

- Die mens kan homself nie sonder sy oorsprong verstaan nie.. Na die sondeval kan die mens nie meer sy oorsprong terugvind in God nie, maar moet die mens homself sien as 'n oorsprong. Met ander woorde die mens bepaal uit homself, vir homself en nie meer in verhouding met God nie.
- Die mens is na die beeld van God geskep, maar nou is daardie beeltenis 'n gesteelde een.
- Geskape na die beeld van God het beteken dat die mens sy bestaan in geheel terug gevoer het na sy oorsprong in God.
- Die mens wat "soos God" geword het, het sy oorsprong vergeet, vergeet hoedanig sy bestaan in die lig van die Oorsprong was.
- Die mens het sy eie skepper, wetgewer en regter geword.
- Wat God aan die mens gegee het, wil die mens nou uit homself fundeer en wees.
- Die probleem is dat God se geskenk presies dit is; **God** se geskenk.
- Die **oorsprong konstitueer** (bepaal) die geskenk.
- Indien die oorsprong verander, verander die geskenk.
- Die mens as beelddraer van God het sy lewe gekry uit die oorsprong by God. Nou het die mens god geword en kry hy sy lewe uit sy eie oorsprong. Dit beteken die dood.
- Die mens is nou na sy eie beeld verwring en vervorm, sonder enige roete terug na die ware Beeldgewer.

Dit is duidelik dat dit **verkeerd** is om te dink dat die "beeld van God":

- in mense is, dus 'n menslike eienskap (*habitus*),
- aantasbaar is deur 'n menslike instelling of wet of beleid,
- deur menslike vergrype aangetas is.
- Dit is nie 'n menslike eienskap van die mens dat God in die mens is nie en die beeld kan gevolglik nie aangetas word nie;
- dit (beelddraer wees) is nie iets van die goddelike in die mens nie, want daar is niks goddeliks in die mens nie;

Die term "erfsonde" dui met ander woorde op die feit dat die mens geen band met God het nie omdat daardie band verbreek is. Die sondeval het die verwysingspunt van die mens verskuif na homself. Daar is geen weg uit daardie selfverwysende siklus nie.

En tog: Ons is uniek, die kroon van die skepping, skaars minder as die engele (Psalm 8:6 *"U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon").* Die mens is anders as die ander skepsels en staan in 'n spesiale verhouding met God. Beeld van God kan nie beteken om bloot fisies na God te lyk nie. Ons aanvaar dat ons nie bloot in vlees en been soos God lyk nie. God is Gees – Johannes 4:24 *"God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid*

*aanbid."* Adam het wel aan God herinner in die sin dat hy absoluut gesond was en dat hy onsterflik was. Sy status as beelddraer het dit ook vir hom moontlik gemaak om met God te kon praat en te bly lewe (Eksodus 33:20 *"Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.")* **Die mens se fisiese kan nooit verstaan word as die bepalende ten opsigte van sy beeldskap nie.** Nie net is die mens onderverdeel in manlik en vroulik nie, maar die mens deel ook baie fisiese ooreenkomste met diere, wat insluit hart, vel en bloed. Navorsing het aangetoon dat 'n groot persentasie van die mens se DNS ooreenstem met diere, en tog is die mens uniek aangedui as beelddraer. **Dit is nie in ons liggame wat ons die beeldskap terugvind nie.** Tog kan ons die fisiese dimensie nie verwerp nie. Jesus het op die bestemde tyd ware mens geword. Jesus is ware mens EN ware God. Sy heilswerk het in hierdie fisiese dimensie geskied. Ons moet met ander woorde stel dat daar op 'n sekere fisiese vlak iets van die mens as beelddraer verstaan moet word, maar ons weet nie eens naastenby waar of hoe om dit aan te dui nie.

*Imago Dei* is die tegniese term wat verwys na die totaliteit van die mens as beelddraer van God. Ons moet die mens nie in sy bestaan in onderdele probeer skei nie, ons moet die hele wese, sy fisiese- en geestelike dimensies in ag neem. Dit is 'n uitsonderlike, unieke voorreg wat net aan die mens toegeken word. Dit is daardie dimensies wat die mens anders maak as diere, wat maak dat die mens die opdrag het om te heers oor die skepping en dit vir mense moontlik maak om met God te kommunikeer. Dit is nie 'n toevallige situasie nie. God het in selfgesprek (interne monoloog) besluit om die mens na Sy beeld te maak. Die *Imago Dei* is 'n wilsbesluit van God. Hierdie *Imago Dei* het geestelike, morele en sosiale implikasies:

- Op geestelike terrein (verstandsvlak) moet ons kennis neem dat die mens geskep is met die vermoë om te kan redeneer en keuses te kan maak. In die woorde van die Dordtse leereëls kan gestel word dat die mens verstandelik toegerus was met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Dit herinner aan God se intellek en vryheid. Die mens wat op hoër vlak besig is (dink, skryf, skep, beredeneer, treur), is besig om hierdie beeldskap te realiseer.
- Op morele vlak verwys beeldskap daarna dat die mens in geregtigheid en suiwer onskuld gebore is. Geregtigheid en heiligheid wys die mens heen na God se heiligheid. Daar is diegene wat ons gewete of morele kompas as 'n oorblyfsel van daardie aspek van die Imago Dei aandui. Dit kan net gedoen word vanuit 'n verkeerde verstaan van die totale verlorenheid (verdorwenheid) van die mens.
- Op sosiale vlak verwys die Imago Dei daarna dat die mens as gemeenskapswese geskep is. Die gemeenskapsaard van die mens dui op beeldskap met verwysing na God se trinitariese aard en God se liefde. In die tuin van Eden was Adam se primêre verhouding met God. God

het toe reeds die gemeenskapsaard van die mens raak opgesom deur te sien dat Sy skepping (mens) alleen was en het toe Adam se geselskap uit sy ribbebeen geskep. Met sy selfverwysing het die mens dit 'n eie verwysing gemaak. Selfs die basiese van die mens as man en vrou, is aan verydeling onderworpe.

Die mens (Adam en Eva) was in geregtigheid geskep, met die reg en die vermoë om te kan kies. Net 'n waarskuwing; die vermoë om te kan kies kan nie reduseer word tot die verstaan van Imago Dei nie, die Satan kon ook kies, het teen God gekies en word tog anders as die mens hanteer in die Bybel. Die mens het hierdie keuse misbruik om teen sy eie aard (heilig en in gemeenskap met God) te kies en God te wil word in ongehoorsaamheid.

As beelddraer was die mens van nature geneig om God te gehoorsaam, terwyl die mens wel die potensiaal gehad het om God nie te gehoorsaam nie. Hierdie uiters bevoorregte posisie het die mens nie beïndruk nie, was nie stof tot nadenke nie. Die mens het natuurlik nie die alternatief geken nie. Al wat die mens gehad het om op te gaan, was God se woord. God het gesê dat die mens sekerlik sal sterf indien hy van daardie vrug eet. Net soos die kind wat nie die ouer wil glo dat die yster warm is nie, maar eers self moet brand (en dan is dit te laat), net so wou die mens nie God se woord aanvaar nie.

Dit is duidelik dat die totale verdorwenheid van die mens geen meriete aan die mens se kant tot gevolg kan hê nie.

**Teks 2**. Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur. *Qualis autem post lapsum fuit homo, tales et liberos procreavit, nempe corruptus corruptos; corruptione ab Adamo in omnes posteros [solo Christo excepto] non per imitationem [quod Pelagiani olim voluerunt], sed per vitiosæ naturæ propagationem, justo Dei judicio, derivata.*

**Verklarende kommentaar**

In hierdie paragraaf van die Dordtse leerreëls is daar 'n belangrike klem wat geplaas word. Die klem moet inderdaad op die regte plek geplaas word om die korrekte betekenis te verseker. Die klem kan geplaas word op navolging of op nagevolge.

Die saak wat hier impliseer word is die erfsonde. Pelagius het beweer elke volgende geslag het Adam se voorbeeld nagevolg. Daarteenoor stel die Dordtse leerreëls dat die nagevolge van die eerste mens se opstandigheid die hele mensdom getref het.

Die verwysing na Bonhoeffer en sy opmerkings moet hier verder uitgepluis word. Voor die sondeval was God die een wat aan die mens sy identiteit gegee het. Die mens was beelddraer van God. Indien die mens kinders sou verwek, sou die kinders in daardie situasie ingebore gewees het. Hulle sou hulle identiteit van hulle verhouding met God ontvang het.

Hulle vaste anker en punt van verwysing sou God self gewees het.
Die mens het gekies (onder aanhitsing van die duiwel) om self God te wees. Die keuse vir die kennis van goed en kwaad was die keuse om self god te wil wees. Daarmee het die mens gekies om sy verwysingspunt, sy anker, te verwerp. Hierdie was 'n onomkeerbare handeling. Die eerste mense (Adam en Eva) het gekies om self god te wees en self eie kernpunt te wees.
Hierdie losmaak kan deur beelde en metafore toegelig word. Soos 'n skip wat vasgemaak is aan 'n vaste rots, so was die mens. Die mens het met geweld daardie ankertou afgekap. Onmiddellik het die storm van godloosheid losgebars en is die skip in die see ingesleep en rondgegooi. Die golwe van die storms laat die skip uitsigloos. Diegene op die skip weet nie eens watter kant toe om te gaan om weer vastigheid te kry nie. So word die skip sy eie verwysingspunt wat deur golwe en storms in alle rigtings gegooi word. Almal gebore op die skip is op dieselfde selfverwysing aangewese. Die nagevolge van daardie eerste onbesonne daad impakteer op almal wat daarna kom.
Hierdie selfverwysing maak enige meriete nie net irrelevant nie, maar ook onmoontlik. Sonder die vastigheid van God, is elke volgende geslag verlore. Dit is die logiese gevolg van gebore word in 'n situasie waar selfverwysing die mens se beginpunt is. Daar is geen manier waarop enige mens ooit die regte rigting kan bepaal nie.
Dit maak die inkarnasie so belangrik. Dit is waarop die Dordtse leerreëls ook verwys na Jesus as die uitsondering. Hy is die een mens wat hierdie vaste punt het, omdat hy ware God en ware mens is. Net Hy kan weer die weg na God aandurf en ander op daardie pad plaas omdat Hy van die Vader kom en weer na die Vader gegaan het. In die terminologie wat hier gebruik is, kan ons stel dat Jesus as Seun van God steeds God as verwysingspunt gehad het. Te midde van mense vasgevang in die storms van die lewe, was Hy die een wat altyd in verbinding met God gelewe het. Hy het Sy identiteit by God gekry, in verhouding met God gelewe. God was Sy verwysingspunt.
Hierdie voortgesette oewerlose, ankerlose bestaan is nie biologies noodwendig nie, maar onafwendbaar solank die mens sy anker en verwysingspunt binne homself vind. Hierdie voortplanting van die mens geskied met ander woorde in die korrupte omgewing waar geen mens ooit op meriete God waardig kan wees nie, die mens is totaal verlore na sy aard, van geboorte af. Dit is hoe radikaal die sonde is.